

Fokus op

# Koedoesrand Bedryfskamer

deur Liesl-C Schoeman

Foto's deur Liesl-C Schoeman.



Hierdie kremetartboomlaning is die enigste in die wêreld.



Koedoesrand lê naby die Groblersbrug-grenspos wat jou na Botswana neem, diep in die hart van die bosveld. Hierdie WRSA-bedryfskamer het onlangs sy tweede byeenkoms vir die jaar gehou. Van die boere in die omgewing het in die laaste paar jaar na wild oorgeskakel en wou meer inligting bekom.

**D**ie twee gassprekers vir die dag was Hanno van Rensburg, wener van WRSA se Wildboer van die Jaar 2013 – groen ekonomie en Richard York van Golden Breeders. Hanno het veral die belangrikheid daarvan om by die WRSA se bedryfskamers in te skakel, beklemtoon, aangesien dit 'n platform bied om sosiale netwerke te skep en waar inligting rondom nuwe wetgewing en raad uitgeruil

kan word. “Daar's elke keer iets in die bedryf wat jy byleer. Jy sal nooit alles weet nie.” Sy positiewe boodskap was dat 'n mens met min geld en met klein teelgroepe kan begin en dat jy waarde tot jou bestaande diere kan toevoeg. Deur jou plaaswerkers betrokke te maak by jou boerdery ontwikkel jy 'n passie vir die wild onder hulle.

*Wildlife Ranching* het met Attie Mahne, bemarker van Vleissentraal, boer van wild en beeste en

dagbestuurslid van die BK, asook Joan Jackson gesels.

## Watter area word deur julle BK gedek en watter dorpe sluit dit in?

Die BK lê tussen Mookgalekwa in die ooste, Paula in die weste en Limpopo in die noorde. Die suidelike grens strek 20 km suid van Marken in die Waterbergreeks. Die BK is vernoem na die Koedoesrandbergreeks en sluit die volgende dorpies in: Marken, Baltimore, Marnitz,

Tolwe, Swartwater, Tom Burke en Maasstroom.

**Wat maak hierdie gedeelte van die bosveld so uniek?**

Hierdie gebied is bekend vir goeiegehaltewild en die groot vyf kom hier voor. Dit is 'n gewilde jagbestemming vir beide plaaslike en buitelandse jagers.

**Hoekom is bedryfskamerbyeenkomste vir julle belangrik?**

Dis 'n samesyn tussen 'n klomp lede wat op 'n informele en spontane manier inligting kan uitruil. Koedoesrand is wyd verspreid en lede kan hoor wat in die verskillende areas aangaan.

Die bedryfskamer maak dit moontlik dat ons nie so ver as Vaalwater of Thabazimbi hoef te reis om inligting te bekom nie.



Attie Mahne en Hanno van Rensburg.



Hannes van Staden (besoeker), Willie Zietsman (nuwe lid), Martin von Gericke en Pieter Zietsman (komiteelid).



Joan Jackson saam met gasspreker Richard York wat lede verseker het dat die wildbedryf nie 'n borrel is wat gaan bars nie en dat geleenthede in terme van die uitvoer van wildsvleis raakgesien moet word.



**Watter doelstellings het julle vir hierdie BK en wat wil julle bereik?**

Koedoesrand gaan nog sy eie wild hier bemark. In hierdie stadium word ons wild op ander plekke soos All-days, Vaalwater en Bela Bela verkoop en op veilings behaal ons diere beter pryse as mense hoor waar die diere vandaan kom. Mense ry orals heen na gehaltdiere en die gehalte in Koedoesrand is daar!

Ons wil die boere leer hoe om die bestaande genetica reg te bestuur en hulle oplei deur leidende gassprekers soos Richard York hierheen te nooi. Dit is nodig aangesien daar baie nuwe toetreders tot die wildbedryf is en die beesvertakking hier verklein.

**Hoe kan julle vir Koedoesrand BK meer blootstelling gee?**

Ons het verlede jaar ons eerste wildsveiling by die Tolwe-boeredag gehou. Die byeenkoms is soos 'n mini-Nampo en ons beplan reeds ons tweede veiling daar, wat deur middel van e-posse, radio en koerante geadverteer sal word, asook deur Vleissentraal.

**Hoe sal julle die BK wil uitbrei?**

Ons het met vyf lede begin en staan tans op ongeveer 30. Ons wil graag meer lede werf wat nuut tot die bedryf toetree. Baie plase hier word deur naweekboere opgekoop en ons

wil hulle betrek omdat hulle meer besigheidsgeoriënteerd is. Hulle is honger om te leer. Ons is ook bevoorreg dat kundiges soos Deon Furstenburg, bekende ekoloog en wildwetenskaplike, ons BK ondersteun en sy kennis met ons deel.

**Wat is julle hoogtepunte tot dusver?**

In 2013 het ons die eerste keer lede ingeskryf vir die WRSA se Wildboer van die Jaar, waarvan Japie Nel van Marken as finalis en Hanno van Rensburg van Baltimore, as wenner van groen ekonomie aangewys is. Dit is die eerste BK wat met twee nominasies kan spog.

**Is julle positief oor wat in die wildbedryf aangaan?**

Ons is baie positief wat in die bedryf aangaan in terme van voedselsektheid vir Afrika en die res van die wêreld. **WR**

